Man: **Harmen Jansz POTGIETER**

Gebore: 1635 in Nordhorn, Wesfalen, Duitsland [1,2]
Sterf: 1706 [3]
Verw. nr.: Stamvader [1]
Beroep: Boukneg / Smit [2]
Vader: Jan POTGIETER
Moeder: Schwerne LODDEN

Die POTGIETER voorouers is deur Patrick van Griethuisen en Dr Ludwich Edel nagevors en terug gevolg tot by Bernd POTGEITER wat trou met 'n dogter van Heinrich KETELER. Hy kom van Essen, op die Ruhr, na Nordhorn wat in die Graafskap van Bentheim, Duitsland geleë is. In 1546 is sy naam in die Burgerboek daar ingeskryf en in 1577 word hy nog daar in 'n akte genoem. Sy skoonpa, Hynrich Keteler, of ook Kettel Hinrik genoem, woon omstreeks 1500 tot 1537 in Ossenhoek.

Dr Jordaan Potgieter volg die Potgieter naam selfs verder terug in sy navorsing tot by Hermann (1463), sy seun Gerhard (1493) en kleinseun Diederik (1541). Diederik sou dan ook die vader van Berndt hierbo wees.

Essen (in Duitsland) is tot vandag toe nog beroemd vir die Ysterwerke en was daardie tyd ook reeds baie bekend vir die pot- en ketelgieters wat daarvandaan kom. Dit gee waarskynlik vir ons 'n goeie leidraad na die oorsprong van die van POTGIETER.

Berndt het sover bekend 3 kinders gehad. Kettel Hinrich POTGETER, of ook Kettelhinrich genoem, wat trou met Fenne HILLERINCK wat van Hesepe kom. Na wat bekend is het hulle geen nageslag nagelaat nie. Sy tweede seun was Kettel Hermann POTGETER. Hulle enigste bekende dogter was Kettel Grete POTGETER wat getrou het met Albert ROLOWES.

Kettel Hermann POTGETER, of ook Kettelhermann genoem, was getroud met Agnese SCHOLTEN, 'n dogter van Scholten VON BIMOLTEN, wat van Bimolten afkomstig is. Hulle woon op Ossenhoek, maar in die oorlogtyd woon hulle by sy stiefouers op die Scholten boerdery. Agnese was ook Nese of Gese genoem. Slegs een kind van hierdie huwelik Nesen Hermann POTTGETER wat ongeveer in 1590 gebore is, is bekend.

Hermann POTTGETER, ook genoem Nesen Hermann, waarskynlik so vernoem na sy moeder, Nese (Agnese). Hermann is ongeveer 1590 gebore en in 1667 word sy naam in Nordhorn aangetref as Hermann Pottgeter, burgermeester van Nordhorn. Hy het reeds voor die dertigjarige oorlog getrou met Tryne, die stiefdogter van Gerdt Arents. Hermann was ook lid van die Nordhorn skoenmakersgulde. Hulle het vier kinders gehad; Nesen Lambert POTGIETER die eienaar van 'n stuk grond in Pottkamp, Adeldorf, Gert POTGETER wat die eienaar van die "Faberhaus" in Schuttorf was, Hermann POTTGEITER wat in 1648 trou met 'n dogter van Swenne VON LODDEN, en Jan POTGIETER.

Jan (of Johannes) POTGIETER was gebore in Nordhorn, Wesfalen, Duitsland en trou in 1634 met Schwerne LODDEN, die dogter van Swenne VON LODDEN van Frensdorf . Sy was ook in Nordhorn gebore, in die jaar 1610. Jan was ook genoem Ossenjan of Kettel Johan.

Ons stamvader Harmen Jansz POTGIETER wat in 1635 in Nordhorn gebore is was die enigste seun uit hierdie huwelik.

Harmen Jansz was die seun van Jan Potgieter (gebore 1605) van Nordhorn, Duitsland, en Schwerne LODDEN (gebore 1610), van Frensdorf, Duitsland. In 1670 verhuis Harmen na Amsterdam, en tree daar in diens van die VOC as soldaat en kom na die Kaap van Goeie Hoop, waar hy met Isabella Fredericks (of Beeltjie), weduwee van Claas Vechtman trou. Hulle het 9 kinders gehad, wat een seun van Isabella se vorige huwelik insluit. Later verlaat hy die diens van die VOC en word vry-smit.

Noordhoorn is geleë in die Groningen provinsie, suid-wes van die stad Groningen. Die Potgieterfamilie het

daar op 'n plaas gewoon met die families Steyn en Prinsloo as bure. Harmen was dan ook 'n lewenslange vriend van Douw Gerbrand Steyn. Sy dogter, Maria, het later met Jacobus Steyn, die aangenome seun van Douw getrou en so die stammoeder van die Steyns in Suid-Afrika geword.

Hy was een van die eerste bewoners van die nuwe nedersetting by die Eersterivier (Stellebosch), waar hy sy ambag as smit beoefen. Hy word deur de Wet gelys as smit 1674-1705. (de Wet GC, Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, p68). In 1688 het hy sy smitswinkel aan Lourens Verbrugge oorgedra vir die helfte van die wins (p107, verw 1STB 18/152 kontrak 1.12.1687).

De Wet meld dat Harmen in 1663 'n vryburger geword het, in 1670 weer tot die Kompanjie in diens getree en in 1674 weer uitgetree en 'n vryburger gebly tot sy dood in 1706. (p 197, verw Boesken AJ, Resolusies vd politieke raad, II 4.2.1671, p56; VC 49 Monsterrolle van vryliede 31.12.1706, p107)

Hy het in 1679 na die Eersterivier verhuis, waar hy gevestig het op die laer terrasse langs die Eersterivier, wat aan hom belowe is in 1680, maar dit was eers baie later (1712) aan sy weduwee se boedel amptelik toegeken. Die plaas is uit die boedel aan Aletta Beck verkoop, wie dit "Voorgelegen" gedoop het. Die grond het bestaan uit twee dele - die oostelike deel strek van die huidige kerk van Stellenbosch tot by Mostertsdrift. Die veel groter westelike deel strek van erens tussen die huidige Andringa en Herte strate en sluit in die gebied waar die huidige stadsaal gebou is. Sy opstal was op hierdie groter deel, ongeveer waar Bird straat vir Dorp straat kruis. Die huis het 'n netjiese front, wat die indruk skep dat Harmen 'n ryk man moes gewees het. In 1693 verkoop hy deel van die grond aan Linnes.

Op 8 November 1679 is die stad Stellenbosch gestig. Minder as drie weke nadat Simon van der Stel in 1679 by Kaap aangekom het as kommandeur van die nedersetting, het hy en 'n paar amptenare te perd 'n inspeksietog na Hottentots-Holland onderneem waar 'n paar vryburgers reeds gevestig het (vandag Somerset-Wes en omgewing). Nadat van der Stel se werk daar afgehandel was het hulle met 'n ompad teruggegaan. Op 8 November het hulle by 'n asemrowende landstreek uitgekom waar Harmen en 'n paar ander vryburgers gevestig was. Hulle het daardie aand op 'n eiland in die Eersterivier oornag. Op die eiland was daar baie pragtige hoë bome. Omdat geen kommandeur of goewerneur voorheen daar was nie, het Simon van der Stel die eilandjie Stellenbosch genoem.

Die plek het hom onmidelik, uit die oogpunt van sy opdragte as kommandeur, geinteresseer omdat dit as voortreflik vir landbou beskou is. Onmiddellik nadat hy terug was by die Kasteel aan die Kaap, het hy aangekondig dat daar vir mense wat hulle langs die oewers van die Eersterivier wil vestig, grond beskikbaar is in die vorm van eiendomsplase. Baie gunstige voorwaardes is vir voornemende boere aangebied en die reaksie was goed.

Potgieter het ook aktief deelgeneem aan die openbare lewe van die klein gemeenskap as "wagmeester" van die artillerie. Kommissaris H.W van Reede het hom aangestel as 'n lid van die heemraad in 1685 (saam met Gert van der Bijl, Henning Husing en Jan Cornelis Mostert). Van Reede verwys na hom nie by sy van nie, maar verwys eerder na hom by wyse van sy aambag, Harmen Jansz Smit, soos wat wel dikwels die geval was in daardie tye. Hy het sy ambag by Stellenbosch voortgesit, en later sy stief-seun, Nicolaas Vechtman in die ambag opgelei. Hierdie stief-seun was 'n groot vriend van Adam Tas, wat na hom verwys het as die "kreupel vulkaan" - 'n verwysing na die kreupel Romaanse smit-god, Volcanus.

JA Hofmeyer verwys na die boek "Slagtersnek en sy mense" deur Dr J.A. Heese, waar daar vermeld word dat Harmen Jansz vermoor was in 1702. Heese het later dit reg gestel. Hofmeyer noem ook dat Harmen Jansz 'n permit toegestaan was in 1705 om 6 waens hout te versamel by die Vier-en-twintig-riviere en maak daarvan die aanname dat Harmen Jansz tussen 1 Sep 1705 and 1708 moes gesterf het. Sy weduwee hertrou met Lourens Verbrugge in 1708.

In die indeks van hofsake in Uit die Raad van Justisie, 1652-1672 (Staatsdrukker, Pretoria 1986) verskyn daar verskeie sake waarin "Harmen Jansz" betrokke sou wees:
338, 30.7.1670, Harmen Jansz vs. Willem Willemsz van Deventer; skuld; saak geskik (CJ1, p583)
341, 30.7.1670, Harmen Jansz; hout sonder toestemming gekap (CJ1, p592)

396, 1.6.1671 & 6.1.1672, Fiskal vs. Harmen Jansz van Noordhoorn; Kompanjie se tyd en werktuie vir eie gewin gebruik; ses maande ad opus publicum en ses maande gasie pro fisco. (CJ 2952, p406-408, CJ 1, p672-672,739)

Bronne:
Patrick van Griethuysen

Stellenbosch - Drie eeue, geredigeer en saamgestel deur F Smith, Stadsraad van Stellenbosch (1979), ISBN 0 620 03910-8. Artikel deur AM Hofmeyer.

Hugo AM, Die Kerk van Stellenbosch 1686-1963 (Tafelberg 1963)

Dr Carl Potgieter, Kommandant-general AH Potgieter

Die Swardt Joernaal No 2, 30 Junie 1999 (Eric Swardt familiebond)

Vrou: **Isabella FREDERIKS**
Trou: 8 Mei 1672 in Swellendam [4,2]

Gebore: 8 Mei 1652 in Amsterdam, Nld
Sterf: 1711 [5]
Vader:
Moeder:

wed Nikolaus Vechtman. Na Harmen se afsterwe trou sy met Lourens Verbrugge.

M Kind 1: **Johannes (Jan Harmensz) POTGIETER**
Gedoop: 23 Sep 1674 [1]
Sterf: 1733
Verw. nr.: b1 [1]
Gade: Clara HERBST g. 1687 s. cir 1714
Trou: 24 Jul 1712 in Stellenbosch [6]
Gade: Maria Catharina VAN EEDEN
Trou: 18 Feb 1714 in Stellenbosch [1]

Johannes, ook bekend as Jan Harmensz Potgieter, was eerstens getroud met Clara Herbst, dogter van Johannes Herbst van Bremen. Hulle het 3 dogters gehad, waarvan die eerste waarskynlik voor 1714 oorlede is. In 1714, na die dood van Clara, trek hy verder na die binneland na Stellenbosh met sy twee dogters, Elizabeth en Sibella. Vanaf 1717 woon hy by Rhebokskloof, Kliprivier ("Cliprivier") in Wellington later die eiendom van Charl Cillie.

Jan se naam kom voor in die weilisensies wat tussen 1703 en 1707 uitgereik is. (de Wet GC, Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, p39 verw. RLR Oude Wildschutte Boek: weilisensies. 27.12.1703 en 5.3.1705 pp 134-135, 138-9)

'n Keerpunt was bereik aan die Kaap in 1715, toe die veiligheid van die vry-burgers sodanig verswak het dat die VOC nie meer in staat was om hulle te beskerm nie. Na die soveelste aanval, waartydens die huis van Pieter Rossouw afgebrand was en die vry-burgers se beeste gesteel is, pleit die boere by die politieke raad vir toestemming om 'n vergeldingskommando bymekaar te maak. Op Woensdag, 20 November 1715, word 'n kommando van 30 vrywillegers onder die bevel van "burgervaandrig" Schalk Willemsz van der Merwe en "wagtmeester" Jan Harmensz Potgieter opdrag gegee om die boesmans wat die aanval gedoen het te gaan soek en die gesteelde beeste terug te bring. Gedurende hierdie ekspidiesie wond Jan Harmensz 'n boesmanvrou noodlottig. In die notules van die Politieke Raad van Dinsdag, 7 January 1716, gee Jan Harmensz, wat beskryf word as 'n vry-burger van Stellenbosch, sy verslag oor die ekspidisie.

Jan was aangekla voor die Krygsraad en baie jare daarna, na baie oorweging en verdere getuinisse voor die Krygsraad, is Jan uiteindelik op 14 October 1727 ontslaan uit die weermag op grond van "gevorderde ouderdom en onbehoorlike gedrag".

Hierdie ekspediesie merk die begin van die kommandostelsel in Suid Afrika, waarvolgens die beskerming van die plattelandse mense in die hande van vrywillige burgers gelaat word. Later is die kommandostelsel met wette gereguleer, met die kommandant en die veldkornet as verkose leiers van die kommandoes.

In 1732 word daar in die de la Fonteine verslag gemeld dat hy 'n bestaan maak van sy vee en landerye.

Jan Harmensz sterf waarskynlik in 1733, aangesien die opgaafrolle van 1734 sy vrou aandui as "weduwee Jan Harmensz".

Bronne:
F Smith, Stellenbosch - Drie eeue (Stadsraad van Stellenbosch, 1979)
Ters Van Huysteen, Hugenoteland (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1985)
Resolusies van die Politieke Raad, Deel IV, 1707-1717
Resolusies van die Politieke Raad, Deel V, 1716-1719
Resolusies van die Politieke Raad, Deel VII

Verwys ook na:
Stellenbosch 18/4: N0 11; MOOC 8/2:
Inventarissen, 1705-1714, 22 Februarie 1714, No 102; MOOC 7/4: Testamenten, 1726-1735, No 147
MOOC 7/4: Testamenten 1726-1735 nos. 130 & 147.

M Kind 2: **Frederik POTGIETER**
Gedoop: 28 Feb 1677 [6]

V Kind 3: **Catharina POTGIETER**
Gedoop: 26 Nov 1679 in Stellenbosch [1]
Verw. nr.: b2 [1]
Gade: Pieter HUBNER g. 1662
Trou: 1695 [7,2]
Gade: Jacob POTJE
Trou: 4 Jan 1705 in Swellendam [8]

V Kind 4: **Elizabeth POTGIETER**
Gedoop: 28 Jun 1682 in Stellenbosch
Verw. nr.: b3

V Kind 5: **Amerentia POTGIETER**
Gedoop: 17 Sep 1684 in Stellenbosch [1]
Verw. nr.: b4

V Kind 6: **Maria POTGIETER**
Gedoop: 31 Aug 1687 in Kaapstad [9]
Verw. nr.: b5
Gade: Jacobus STEYN g. 1683
Trou: 4 Okt 1706 in Stellenbosch

M Kind 7: **Hans Jurgen POTGIETER**
Gedoop: 16 Jul 1690 [1]
Sterf: 1736 in Drakenstein [10]
Verw. nr.: b6 [1]
Gade: Cornelia BOTHA
Trou: 31 Mrt 1720 in Stellenbosch [11]
Hans was 'n burger van Drakenstein. Op 17 Nov 1722 word hy vrygestel van militere diens op gronde van 'n fisiese gebrek. (Resolusies van die Politieke raad Deel VI 1720-1723). Op 13 Maart 1731 word daar 'n geval bespreek in die politieke raad waarby Hans betrokke was. Tien Boesmans (seuns van Grebenau) het vee by landbouer Hans Jurgen Potgieter geroof, waarna hulle deur 12 burgers agtervolg en opgespoor is. Die Boesmans het met pyle op die burgers begin skiet (Resolusies van die Politieke raad Deel VI 1729-1734).

In die de la Fonteine verslag word die kommentaar gegee dat hy van sy vee en plaas 'n bestaan kan maak, maar nie sonder skuld nie (1732). Daar word ook gemeld dat Frederik Huppenaar (sy susters-kind) by hom inwoon as kneg.

Jurie Potgieter <jurida@freemail.absa.co.za> skryf oor die oorsprong van die naam Hans Jurgen dat daar as getuienis van die doop onder andere Hans Jurgen Grimpe was. Hy het in 1677 in die land aangekom het en is 1647 in Duitsland gebore is. Die naam Hans Jurgen gaan dan weer verder in die Grimpens terug. Sy tweede vrou, Elizabeth van Brakel is later met Adam Tas
getroud.

V Kind 8: **Beatrix POTGIETER**
Gedoop: 17 Mrt 1693 [1]
Verw. nr.: b7
Gade: Dirk VROONHOF g. cir 1687
Trou: 4 Feb 1714
Gade: Elias KIEN g. cir 1689
Trou: 1726 [12]
Keer in 1730 terug na Amsterdam saam met Elias en 2 kinders. Bly op die Reguliersgracht in Amsterdam op 18 Des 1732.

---

[1] De Villiers, CC / Pama C, *Geslagsregisters van die Ou Kaapse families*, (1981).
[2] C Pama, *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek*, (contentlot.com).
[3] Vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, GC De Wet.
[4] Kommandant-generaal Hendrik Potgieter, Dr C Potgieter (1938, Akrikaanse pers).
[5] Dagboek van Adam Tas, 1705-1706 (Van Riebeek-vereeniging, Kaapstad 1970).
[6] Dr J Hoge, *Bydraes tot die genealogie van ou Afrikaanse families*.
[7] Patrick van Griethuisen, *Potgieter Album*, (1991).
[8] Nolene Lossou (nolene@mweb.co.za).
[9] Janet Melville <csajam@upe.ac.za>.
[10] Opgaafrolle.
[11] Conrod Mercer www.geocities.com/Heartland/Acres/6302.
[12] Resolusies vd Politieke Raad Deel VII.

Man: **Andries Hendrik POTGIETER**

Gebore:	19 Des 1792	in Graaff-Reinet [1]
Gedoop:	6 Jan 1793	in Graaff-Reinet [2]
Sterf:	16 Des 1852	in Schoemansdal, Soutpansberg [1]
Begrawe:		in Schoemansdal, Soutpansberg [3]
Verw. nr.:		b6c8d7e2 [4]
Beroep:		Kommandant Generaal
Vader:	Hermanus (Philippus) POTGIETER	
Moeder:	Petronella Margaretha KRUGEL	

Andries Hendrik Potgieter was 'n Voortrekkerleier, baanbreker en as pionier van die noorde die stigter van die dorpe Potchefstroom, Ohrig-stad, en medestigter van die Boere--Republieke noord van die Oranjerivier. Niemand kan dit betwyvel dat hy wel 'n blywende indruk op die geskiedenis van die land gemaak het nie.

Hendrik, soos almal hom geken het was 'n diep godsdienstige mens en baie hardkoppig. Hy kon baie nukkerig raak as mense met hom verskil, maar tof baie saggeaard teenoor kinders. Onder die kinders het hy ook die bynaam "ou Bloue" gekry oor sy voorliefde om blou klere te dra, saam met 'n strooihoed met 'n groen lint in die breë rand wat hy altyd gedra het. By amptelike geleenthede sou hy 'n grys hoed dra. Hy was beskryf as 'n gespierde en baie beweeglike man, 6 voet 2 duim lank, met groot hande en voete. Sy hare en baard was donker bruin van kleur, met 'n effe rooi skynsel, en blou oë. Hendrik het matig gerook en was 'n man van min woorde en 'n fyn sin van humor.

Hendrik het geglo in die idiaal van 'n volkstaat. In soeke na hierdie idiaal het hy sy mense uit die Kaapkolonie gely na 'n onbekende binneland. Hy het sy bes probeer om se ver moontlik van die Britse mag weg te kom en het geglo dat 'n land sonder kus die antwoord sou wees en word ook aangehaal "Waar see is, is Engelse"

Sy militêre loopbaan het begin toe hy in 1811 opgekommandeer was om deel te neem aan die grensoorlog teen die Xhosa. Verskye oorloë is teen die Xhosa geveg en baie probleme het op die oos-grens geheers, maar die grootste probleem het gekom toe die Britte die Kaap in 1795 annekseer. Die kolonie is in 1802 terug aan Naderland gegee, mar die Britte het dit in 1806 weereens geannekseer, hierdie keer met die bedoeling om dit te hou. Hulle het hard geprobeer om die Britse stelsel en leefwyse op die Boere af te dwing. Britse regters het op die oos-grens opgedaag met die hoop om reg en geregtigheid daar in te stel - op die Britse manier. Dit het egter nie goed met die Boere afgegaan nie en het tot 'n uitbarsting gekom toe 'n Engelse patrollie 'n Boer doodskiet. 'n Rebellie het uitgebreek en uiteindelik geëindig in die teregstellig van vyf Boere by Slagtersnek.

Die Potgieter familie het reeds tussen 1801 en 1802 aan die trek gegaan saam met die Venters en andere. In 1812 vestig hulle in die Tarka gebied op die plaas Kommandodrift.

Die Britte het aangehou om enige vorm van vrye politieke aktiwiteit onder die Boere te onderdruk. Ongelukkig onder die druk van die Britse regering en met die toestand op die oos-grens met die plundertogte van die Xhosa trek al hoe meer boere na die Tarka gebied. Die kusgebied was later so verlate dat die Britte in 1820 groot getalle setlaars van Britanië moes invoer om as buffer op die grens te dien.

Tussen 1820 en 1830 het die Britte geprobeer om hul kultuur op die Cradock, Tarka gebied af te dwing en Hollands as amptelike taal afgeskaf. Gedurende die 1830's gaan die Boere weer eens op trek. Eers was dit enkele groeppies wat die grens oorsteek, maar later raak dit 'n grootskaalse georganiseerde trek, wat later bekend sou staan as die Groot Trek.

In 1809 word hy as burger in Graaff-Reinet aangetek. Voor die Groot trek het hy verskeie plase besit. In 1816 was hy eienaar van die plaas Klipkraal en in 1817 word hy mede-eienaar van Kommandodrift (1825 volle eienaar) en mede-eienaar van die plaas Zeekoegat.

Trek na Vetrivier:

Aan die einde van 1835 verlaat Hendrik Potgieter die Kaapkolonie. Aanvanklik het sy geselskap uit meesal familielede en nabye vriende vanuit die Tarke en Colesberg gebied bestaan. Daar was slegs 35 weerbare mans in die aanvanklike trek. Mettertyd het baie ander hulle egter by hom aangesluit.

Saam met Hendrik was sy broers, Jacobus Johannes en Nicolaas Johannes, hul vader Hermanus Potgieter. Ander families het Hermanus Steyn, Jan Robbertse, Daniel Kruger, 'n paar Liebenberg families, en Botha (vader van Jan Valentyn) ingesluit.

Die trek het stadig beweeg en ander trekke het gou met hulle opgevang en verby gesteek, terwyl sommiges by hulle aangesluit het. Naby die teenswoordige Smithfield het Sarel Cilliers was hom by Potgieter se trek gevoeg, saam met sy volgelinge, Jan Botha, Jacobus Hamman, Jan du Toit, agt Liebenberg families, vier Broekhuizen families, drie Van Rensburg families, Stephanus, en Gert en Casper Kruger (vader van Paul Kruger). Die trek het naderhand 200 siele getel. Met 'n stemming is Hendrik Potgieter as kommandant van hierdie trek bevestig.

Die trek het aanbeweeg tot by Thaba Nchu, waar hulle die Baralong kaptein bevriend het en aan hulle hulp teen Silikaats (M'Zilikazi) beloof het. Daarvandan het hulle voort getrek tot by Vetriver, waar hulle hergroepeer het by die huidige Winburg. Hier het hulle by Makwana van die Bataong stam 'n stuk grond tussen die Vet- en die Vaalrivier veruil vir 49 beeste en beskerming teen Silikaats, 'n belofte wat Potgieter getrou nagekom het. By Vetriver het nog ander kleiner trekke by Potgieter aangesluit. Die Boere het hul al langs die suide van die Vaalriver uitgesprei, met enkele Boere aan die noordekant. Byna sewe maande lank het die Potgieter-trek 'n vreedsame bestaan gevoer, maar dit sou eensklaps op 'n wrede wyse beëindig word.

Besoek aan Soutpansberg:

Nadat Potgieter se trekkers hulle ge-vestig het tussen die Vet- en die Vaalrivier het hy die wereld na die noorde verken tot binne 'n dagreis van die Zimbabwebouvalle . Op 24 Mei 1836 vertrek hy na Soutpansberg met 10 man (Sarel Cilliers ingesluit) om vir Louis Trichard te gaan besoek en 'n pad na Lourenco Marques te vind. Hendrik se broer, Hermanus, was in sy afwesigheid as waarnemende Kommandant-generaal aangestel. Hulle het Trichard se trek op 30 Junie bereik. Potgieter het van die gebied gehou. Hy het die gebied noord van die Limpoporivier verder gaan verken terwyl Trichard na Van Rensburg gaan soek het.

Sedert die trek by die Vaalrivier aangekom het word hulle met agterdog deur Silkaats dopgehou. In Potgieter se afwesigheid neem hy sy kans waar en stuur ongeveer 1,000 krygers uit om die trekkers aan te val. Hulle het eers die Erasmus familie aan die noorde-kant van die Vaalrivier aangeval en daarna die Liebenbergs uitgemoor. Erasmus en sy seun het gelukkig daarin geslaag om te ontsnap en die ander trekkers gewaarsku. Die aanslag op Potgieter se laer is afgeweer, maar die Matebele het baie van hul vee gesteel. Om hul posisie te versterk het hulle dadelik terug getrek tot aan die Renoster- en Valsrivier, waar Hendrik Potgieter hulle aangetref het by sy terugkeer vanaf Soutpansberg.

Slag van Vegkop:

By sy terugkeer vanaf Soutpansberg verneem Hendrik dat die Matebeles verspreide groepies Voortrekkers aangeval en vermoor het. Sonder versuim neem hulle toe die nodige maatreëls om 'n volgende aanval af te weer.

Hendrik het al die trekkers in die omgewing geroep om by Vegkop te 'n gesamentlike laer te trek. Al die kleiner groepe wat in die omgewing was het hulle by Potgieter se trek aangesluit toe die nuus van die naderende gevaar hulle bereik. Silikaats (M'Zilikazi) het ongeveer 6,000 soldate onder die bevel van Kalipi gestuur om die Boere te gaan verdryf. Op 15 Oktober word de Boere deur die Bataongs gewaarsku dat die groot oormag aankom. Spioene was uitgestuur onder die bevel van Nicolaas Potgieter, Jan Cilliers en Joachim Botha. Hulle het daardie nag terug gekeer en die waarskuwing bevestig. Die oggend van 16 Oktober gaan Hendrik met 25 manne, waaronder sy broers, Jacobus en Hermanus Potgieter om Silikaats se oormag tegemoet te gaan. Hendrik het 'n poging om vrede te maak aangewend, maar Kalipi het geantwoord deur die

groep aan te val, waarop Hendrik se kommando terug na die laager vlug.

Toe die nuus die laager bereik dat die aanbod om vrede ongeslaagd was maak die laager gereed vir oorlog. Sarel Cilliers het 'n gebed gelei terwyl Silikaats se soldate die laager omsingel en begin om die beeste aan te keer en te slag. Die Boere het vir verskeie ure gewag vir die vyand om aan te val en het later ongeduldig geraak. Toe Koos Potgieter ongeduldig raak en 'n aanval wou begin het Hendrik om kalmte gemaan. Toe Hendrik 'n rooi vlag in die lug waai val die Matabele aan.

Die Boere het gewag totdat Andries Hendrik die bevel gee om te vuur. Hulle was maar slegs 35 man, bygestaan deur 'n paar jong seuns, teen die oormag van 6,000. Eke man het 3 gewere gehad. Nadat 'n geweer gevuur is die geweer herlaai deur 'n seun, vrou. Of self 'n dogter, terwyl die man die volgende geweer gryp om af te vuur. Die Matabele het tevergeefs geprobeer om by die laager in te breek deur die waens weg te sleep. Die Boere het egter die waens aan mekaar vasgemaak met kettings en doringbome tuusen in gesleep om die vyand uit te hou.

Na 'n ruk trek die Matabele terug en gaan sit buite bereik van die geweervuur. Potgieter het saam met 'n klein groepie mans die Matabele aangeval om hulle te lok tot 'n aanval op die laager. Elke keer wat die Matabele die aanval gedoen het, het Potgieter na die laager terug gevlug, waarop al die mans in die laager op die vyand losgebrand het.

Die Matabele het twee verdere aanvalle op die laager gedoen. Die vrouens en kinders moes later ook help om die laager te beskerm waneer vyandige soldate probeer om deur die doringtakke te breek of oor die wanes te klim.

Na 'n uur het Kalipi opdrag aan sy mense gegee om terug te trek. Met hul terugtog neem hulle al die beeste saam. 'n Boere patrollie het geprobeer om agter hulle aan te gaan, maar kon nie die beeste terugwin nie.

Hendrik se broer, Nicolaas Potgieter en swaer, Pieter Botha het in die geveg gesneuwel. Veertien was gewond, 100 perde, 5,000 beeste en 50,000 skape was gesteel. Van die vyand was meer as 500 gedood.

Na die geveg lei Sarel Cilliers 'n gebed om God te dank.

Die Boere was nou in die moeilikheid. Hulle het geen medisyne gehad nie en daar was geen osse om die waens te sleep nie. Voedsel en melk was skaars. Die mans het die waens sowat een myl verder gesleep nader aan die rivier en vir Hermanus Potgieter na Thaba Nchu (Blesberg) gestuur om hulp van die ander burgers te gaan vra.

Die Barolongs het tot hul redding gekom deur kos te stuur en die ander burgers het osse gestuur sodat hulle die waens terug kon bring. Die Potgieter trek het middel November weer by Thaba Nchu aangekom.

Slag van Mosega:

Terwyl Potgieter se trek nog in die moeilikheid was kom Gert Maritz in Oktober 1836 by Thaba Nchu aan met 'n veel groter trek. In 'n verkiesing op 2 Desember 1836 word sewe mans tot 'n beheerraad verkies, met Maritz as Regter- President en Andries Hendrik Potgieter as laager-kommandant. Alhoewel hierdie eerste Voortrekker bestuur beperkte wetgewende magte gehad het, het dit ook uitvoerende gesag gedra en selfs regspraak beoefen.

Dit het die Boere nie lank geneem om weer tot verhaal te kom nie en Andries Hendrik Potgieter maak 'n kommando bymekaar op 2 Januarie 1837, gevolg deur Maritz se kommando om Silkaats te gaan aanval en die gesteelde vee terug te win. Die Kommando het bestaan uit 107 Boere, 40 Grikwas en Korannas en 60 Barolongs.

Hulle het 'n verrassingsaanval op Silikaats se hoofstad, Mosega (Suid van die huidige Zeerust) op 17 Januarie 1837 uitgevoer. Die Boere het die stad te perd bestorm en meer as 500 Matabele doodgemaak. Daar

was geen ongevalle aan die Boere se kant. Die gevegte het 'n paar dae geduur. Toe die Matabele uiteindelik op vlug slaan brand die Boere die stad af en keer na Thaba Nchu terug met hul vee. 'n Groep Amerikaanse sendelinge het ook saam met die kommando na Thaba Nchu teruggekeer. Die vee is onder die burgers wat vroeër verliese gelei het uitgedeel.

Na die oorwinning neem Potgieter sy trek na Vetriver en stig die dorp Winburg, so vernoem na die oorwinning wat behaal is.

Die drama in Natal:

Winburg: Nadat Potgieter suksesvol vir Silkaats oorwin het, keer hy terug na Winburg. Piet Retief het kort darna ook daar aangekom op 12 April 1837 met 'n groot groep mense.. Die totale bevolking van die kolonie het toe al reeds meer as 5,000 getel. Na nog 'n byeenkoms is die nuwe republiek van Winburg gestig en 'n Volksraad verkies op 17 April. Retief was verkies as Kommandant-generaal en Maritz as hoof-regter en voorsitter van die Volksraad. Andries Hendrik Potgieter het nie genoeg stemme gelok om dit tot die Volksraad te maak nie. Evert Frederik Potgieter, 'n agterkleinneef van Hendrik, is hier wel tot die Volksraad verkies.

Die trekkers het beraadslag om die finale bestemming vir die Groot Trek te bespreek. Piet Retief wou na Natal trek, terwyl Potgieter oorkant die Vaalrivier wou gaan woon, waar hy die gebied bevry het van Silkaats en die gebied as Akrikaner-grongebied wou verklaar.

Trek na Natal: Piet Retief en Piet Uys het in twee afsonderlike trekke oor die berge na Natal getrek. Potgieter het aanvanklik saam gegaan om sy voorraad ammunisie weer aan te vul. Toe Potgieter verkies is om by die kommisie aan te sluit wat met Dingaan om grongebied moes onderhandel, het hy die aanstelling geweier. Hy het nie geglo in die Natal trek nie en het boonop nie vir Dingaan vertrou nie.

Op 5 Februarie 1838 het Retief 'n ooreenkoms met Dingaan geteken om grondgebied by hom te koop. Dit was egter maar net 'n slenter aan Dingaan se kant en Retief is met sy hele geselskap vermoor.

Bloukrans: Onmiddelik na die moord op Retief het Dingaan sy impi's uitgestuur om die Boere wat langs die Tugela gevestig het te gaan vermoor. Die verassingsaanval op die niksvermoedende Boere het op 17 Februarie begin. Daar was 41 mans, 56 vroue, 185 kinders en 250 bediendes vermoor by die Boukrans- en Boesmansrivier. Slegs enkeles ontsnap en die ander waarsku. Toe hy die nuus hoor het Hendrik Potgieter onmiddelik opgesaal en tot die hulp van die mense gehaas. Die vrouens en kinders moes in die berge gaan wegkruip tot hy die gebied weer kon beveilig.

Italeni: Op 14 April 1838 het die Trekkers vir die eerste keer werklik verenig by Doornkop. Na die moord op Piet Retief en sy kommando en die daaropvolgende slagting onder die Trekkers , het Gert Maritz die klein laertjies , wat oor 'n groot gebied versprei was, na Doornkop verskuif. Piet Uys en Hendrik Potgieter het hulle kort daarna, op versoek van Maritz, by die res van die Trekkers kom voeg.

Hendrik Potgieter en Piet Uys het 'n kommando van 347 mans bymekaar geroep op 7 April om die Zoeloes te verdryf. Hierdie kommando het ook vir Jacobus Potgieter, 'n kleinneef van Hendrik en Koos Potgieter ingesluit. Potgieter en Uys het verdeel en probeer om die vyand te omsingel. Toe Potgieter hom vasloop teen 'n oormag vlug hy terug na Veglaer. Uys se kommando is egter in 'n lokval gelei en Uys en sy seun is saam met 'n paar van sy manne gedood.

Potgieter was onregverdiglik vir die dood van die manne beskuldig. Diep gekrenk het hy finaal besluit om die Natal trek te verlaat. Hy het in Mei Winburg teruggekeer met die gedagte om sy mense oor die Vaalrivier te lei. Nadat Potgieter daar weg is, is Andries Pretorius as Kommandant verkies. Pretorius het 470 burgers in Desember byeen gebring en 'n kommando na Dingaan gelei om vergelding te gaan soek. Op 16 Desember 1838 word hulle deur 9,000 Zoeloes by Bloedriver aangeval. In die geveg daar het 3,000 Zoeloes en 1 burger gesterf. Na die oorwinning het Pretorius Dingaan finaal verdryf en die Republiek van Natal (Natalia) gestig op die grondgebied wat Retief vroeër van Dingaan gekoop het. 'n Volksraad met 24 lede is verkies

met die setel in Pietermaritzburg. Aanvanklik is Potgieter se gebied in Transvaal by die Republiek ingesluit, maar na die anneksasie van Natal deur Brittanje wou Potgieter nie die Britse gesag aanvaar nie. Potchefstroom het weggebreek van Natal en die Drie-en-dertig Artikels is aanvaar as die grondwet van Transvaal.

Die trek na Transvaal:

Republiek Potchefstroom-Winburg: In Julie 1838 het Andries Hendrik Potgieter met 'n klein groep na Soutpansberg gegaan om vir Trichard te besoek. Hulle het egter die plek verlate gevind aangesien Trichard toe reeds sy epiese tog oor die Drakensberge na die kus aangepak het. By sy terugkeer by Winburg gee Hendrik opdrag aan sy mense om oor die Vaalrivier te trek, waar hulle 'n nuwe dorp gestig het aan die Mooirivier. Eers is die dorp Vryburg genoem, maar gou het Hendrik se volgelinge die dorp se naam na Potchefstroom verander. 'n Nuwe Republiek is gestig, wat ook die Winburg Repubiek ingesluit het en 'n nuwe grondwet aanvaar. Volgens die grondwet is 'n Volksraad verkies met Andries Hendrik as Kommandant.

In 1840 het die Potgieter broers na Mosambiek gegaan om bande met die Portugese te smee en 'n handelsroete na die see daar te stel. Hierdie trek het deur baie moeilike terein gegaan en dit het 'n tyd geduur voordat 'n geskikte roete deur die Drakensberg gevind kon word.

In 1839 het Pretorius 'n poging aangewend om verhoudings met die Transvalers te verbeter. Hy het Potgieter eers by Winburg ontmoet en dit opgevolg met 'n besoek aan Potchefstroom op 13 Oktober 1840. Hier is besluit om die Republieke van Natal en Potchefstroom te verenig. Potgieter was as bestuurder van die Potchefstroom distrik aangestel en Pretorius as bestuurder van die Natal distrik, met 'n Volksraad as die enigste hoër-bevel.

Silkaats keer terug: Berigte het die Republiek in 1842 bereik dat Silkaats na die Soutpansberg gebied terug gekeer het. Daar het hy die plaaslike stamme beroof, geplunder en uitgemoor. Op 15 Mei het Potgieter 'n kommando van 260 mans na Soutpansberg gestuur en vir Silkaats oor die Limpoporivier verdryf, waar Silkaats gaan vestig het en 'n nuwe dorp, Buluwayo gestig het. By sy terugkeer ontvang hy 'n noodroep van Pretorious om 'n kommando na Natal te stuur, aangesien die Britte die land geannekseer het. 'n Kommando onder bevel van Louw Erasmus en Jan G. Mocke is onmiddelik gestuur, maar het teruggekeer met die nuus dat Pretorius aan die Britte oorgegee het.

Andries-Ohrigstad Na die verlies van Port Natal het Potgieter na 'n nuwe hawe begin soek. Hy het Delagoabaai teen die einde van 1843 besoek. Die Portugese het hom vriendelik ontvang. Baie trekkers van Natal het toe ook besluit om pad te gee en hul by Potgieter te gaan aansluit. Hierdie nuwe aankomelinge het nie die gesag van Potgieter aanvaar nie en gerugte het gou die rondte gedoen dat hulle vir Potgieter as kommandant wou ontsetel. Op 6 Mei 1845 roep Potgieter die Volksraad byeen en word as Kommandant her-bevestig. Aangesien Potchefstroom te ver was van Delagoabaai het Potgieter in Junie 1845.besluit om nader na Delagoabaai te trek en hom in Noordoos-Transvaal gaan vestig op Andries-Ohrigstad. 'n Nuwe Volksraad is verkies en Potgieter is aangestel as Hoof-kommandant.

As hoofstad van die nuwe Republiek was Ohrigstad gedoem. Dit was nutteloos as handelsroete aangesien die roete oor die Drakensberg te moeilik was. Die gebied was bowenal besmet met koors en malaria.

Politieke druk het steeds opgebou teen Potgieter en hom later gedwing om weer pad te gee. In 1847 stuur Potgieter sy trek onder die bevel van Jan Valentyn Botha na die noorde.

Soutpansberg:

'n Groep Trekkers onder die leiding van J. J. "Kootjie" Burger wat ontevrede geraak het onder die Engelse bewind in Natal het by Ohrigstad by die Potgieter-mense kom aansluit. Onenigheid het ontstaan omdat die Burgermense 'n behoorlik-verkose Volksraad wou hê. Die Potgietermense wou egter hê dat Andries Hendrik Potgieter so lank hy leef "bestierder" van die groep moes wees. Dit het daartoe gelei dat Potgieter en sy

mense van Ohrigstad weggetrek het en hulle in Zoutpansberg gaan vestig.

Potgieter het homself verder ongewild gemaak toe hy nie tot die Vrystaters se hulp gesnel het toe sir Harry Smith die Vrystaat ook in Februarie 1848 geannekseer het. Pretorius en die Vrystaters is in die slag van Boomplaas verslaan. Die kritiek teen Potgieter is egter nie geregverdig gewees nie, aangesien hy self op daardie stadium in 'n oorlog teen Makapaan betrokke was. In November daardie jaar het Potgieter met Richard Southey, sir Harry se verteenwoordiger, ooreengekom dat Brittanje die gebied noord van die Vaalrivier in vrede sou laat.

Die Potgietermense het hulle gevestig in Zoutpansbergdorp wat later Schoemansdal genoem is. Die toestand was uiters gevaarlik vir die veiligheid van die Voortrekkers wat toe in klein groepies oor die uitgestrekte gebied van Transvaal versprei was. Samesprekings by Hekpoort en later op Derdepoort het daartoe gelei dat die Potgieter- en die Pretorius-mense onder 'n enkele Volksraad verenig is.

Hierna het Pretorius Potgieter geleidelik op die agtergrond geskuif. Hy het met twee Britse kammissarisse Hogge en Owen, onderhandel en op 17 Januarie 1852 die Sandrivierkanvensie gesluit waardeur die onafhanklikheid van Transvaal erken is, sonder om Potgieter te raadpleeg. Sekere groepe het 'n hernieude skeuring gevrees. Op 16 Maart het die Volksraad op Rustenburg vergader.

In die winter van daardie jaar (1852) is Andries Hendrik Potgieter op Schoemansdal oorlede.

Potgieter het as kenteken die sogenaamde "Kruisvlag" of "Voortrekkervlag" gedra toe hy die Kaap verlaat het. Hierdie vlag het soms as gevolg van die assosiasie met Hendrik Potgieter ook as die "Potgietervlag" bekend gestaan. Op 24 Oktober 1874 is die Vierkleur van DIe ZAR deur die Kruisvlag vervang. Omdat staatspresident T.F. Burgers graag die Voortrekkervlag in ere wou herstel , het die Volksraad van die ZAR op hierdie dag die bestaande landsvlag, die Vierkleur, deur 'n nuwe vlag, die sogenaamde Kruisvlag vervang. Dit het bestaan uit 'n oorhoekse rooi kruis op 'n blou agtergrond. Pres. Burgers het om heraldiese redes 'n wit streep ingevoeg ten einde die rooi kruis van die blou agtergrond te skei.

Vrou: **Elizabeth Helena BOTHA**
Trou: 12 Jul 1812 in Graaff-Reinet [5]

Gedoop: 1 Mrt 1795 [6]
Sterf: 7 Mei 1841 in Potchefstroom [4]
Verw. nr.: b2c4d1e3f3
Vader: Pieter BOTHA
Moeder: Elisabeth BOTHA
Sterf met geboorte van Dorothea (Voortrekkermense III)

V Kind 1: **Elisabeth Helena POTGIETER**
Gebore: 29 Nov 1813 [7]
Gedoop: 27 Feb 1814 in Graaff-Reinet [7]
Sterf: < 1852 [1]
Verw. nr.: b6c8d7e2f1 [4]
Gade: Lourens Andries Abraham DU PLESSIS

V Kind 2: **Petronella Margaretha POTGIETER**
Gebore: 4 Sep 1815 in Tarka, Graaff-Reinet [8]
Gedoop: 5 Nov 1815 in George, Oos-Kaap [8]
Sterf: < 1852 [1]
Verw. nr.: b6c8d7e2f2 [4]
Gade: Pieter Johannes BOTHA g. 5 Mei 1812 s. 16 Okt 1836
Trou: 2 Apr 1832 in Cradock [6]
Gade: Jacobus Van Den Berg BREEDT s. 1851
Trou: 8 Mrt 1840 [4,6]
Voor haar tweede huwelik verkry sy die plas Kerffontein, vermoedelik in die Magaliesberg (J Visagie).

V Kind 3: **Maria Gertruida POTGIETER**
Gebore: 16 Feb 1819 [2]
Gedoop: 12 Apr 1819 in Cradock [2]
Sterf: cir 1848 [9]
Verw. nr.: b6c8d7e2f3 [4]
Gade: Joseph KRUGER g. cir 1811 s. 11 Apr 1838
Trou: 26 Des 1835 in Cradock [1]
Gade: Abraham Johannes PELSER s. < 1848
Trou: 15 Des 1839 in Laer van Petrus Lafras Uys [2]
(Gertruida Magdalena). By die doop inskrywing van haar dogter, Helena, is die aantekening gemaak dat Maria en Abraham albei oorlede is.

M Kind 4: **Hermanus Jacobus POTGIETER**
Gebore: 24 Mrt 1821 in Kommandodrif, Cradock [2]
Gedoop: 23 Apr 1821 in Cradock [2]
Sterf: 3 Nov 1899 in Standerton [10]
Verw. nr.: b6c8d7e2f4 [4]
Gade: Johanna Magdalena Elizabeth ROOS g. cir 1821 s. 30 Mrt 1897
MHG 475, 78j 7m. Hy trek saam met sy vader. In 1845 woon hy in die distrik Ohrigstad, waar die plaas Tweede Rustenten aan hom toegeken is. (Voortrekkerstamouers 1835-1845, Jan Visagie). In 1852 verskyn sy naam op die inwonerslys van Schoemansdal. Veldkornet en later kommandant van Soutpansberg (Notules van die Krygsraad, July - Sept 1853, 20 Mar 1853, VR 266/53 April 1853, VR 298/53 8 Aug 1853).

M Kind 5: **Pieter Johannes POTGIETER**
Gebore: 24 Des 1822 in Kommandodrif, Cradock [2,11]
Gedoop: 14 Apr 1823 in Cradock [2]
Sterf: 6 Nov 1854 in Makapansgrot, Potgietersrus [12,11]
Begrawe: in Middelfontein [12]
Verw. nr.: b6c8d7e2f15 [4]
Beroep: 1853 Kommandat Generaal [11]
Gade: Elsie Maria Aletta VAN HEERDEN g. 23 Des 1824 s. 1886
Trou: 5 Feb 1844 in Potchefstroom [6,11]
Hy het saam met sy vader op die Groot Trek gegaan. In 1852 verskyn sy naam op die inwonerslys van Schoemansdal. In 1853 volg hy sy vader op as Kommandant-Generaal. In Oktober 1854 is 'n Boerejaggeselskap wat bestaan het uit 23 mans , vrouens en kinders , wreed vermoor deur die mense van Makapan en Mapela , in die gebied Waterberg in die distrik Soutpansberg, naby die huidige Makapanspoort. Die lyke van die vermoordes is gruwelik vermink en die leier van die geselskap, Hermanus Potgieter , is lewend afgeslag. Na aanleiding van hierdie wrede dade het Kmdt.Genl. Piet Potgieter 'n strafekspedisie georganiseer. Pretorius het op 24 Oktober by Potgieter aangesluit , en met 'n mag van 535 man het hulle teen Makapan uitgetrek. Makapan het voor die Boere uitgevlug en in die huidige Makapansgrot, sowat 23km van Potgieterus , skuiling gesoek. Die Boere het op die dag begin om die grot te verseëel en te beleër. Op 6 November 1854 het Piet Potgieter hom in 'n oomblik van onbehoedsaamheid voor die bek van die grot gewaag en is hy noodlottig getref deur 'n vyandelike koeël. Onder hewige vyandelike vuur het veldkornet Paul Kruger, later die President van die ZAR, onder dekkingsvuur van sy makkers, 'n heldedaad verrig deur die lyk van Potgieter uit die bek van die grot te gaan red. Na 'n beleg van 25 dae het 'n klein groepie Boere die grot binnegeval. Ongeveer 900 inboorlinge is gedurende die beleg doodgeskiet. 'n Monument is opgerig in sy eer voor die Potgietersrus stadsaal op 7 Oktober 1971, op die plek waar hy her-begrawe is op 30 May 1964. HY het die plase Twyfelfontein en Koedoesspruit in Ohrigstad besit en later op Middelfontein naby Nylstroom gevestig.

MHG 0/13565. 32j. Sien ook MHG 0/20612.
Sien ook: Transvaalse Argiefstukke, Staatsekretaris; inkomende stukke 1850-1853 (Staat 1949) p294, R483/53 Soutpansberg 8 Jan 1853. Vredes ooreenkoms met Kaptein Marati, geteken deur waarnemende Kommandant Generaal PJ Potgieter. Die notules van die Krygsraad, bygewoon deur PJ Potgieter as Kommandant Generaal (p324 Rustenburg 19 Mar 1853, p370 R557/53 Rustenburg 10 Aug 1853). p373, R559/53 Rustenburg 11 Aug 1853. Sekretaris van die Krygsraad, JH Visage doen verslag dat P

Potgieter 'n aanbeveling maak vir die aanstelling van WC Janse van Rensburg en Kommandant Stephanus Schoeman as lede van 'n afvaardiging om Mahura te besoek. p376-377, R562e/53, Soutpansberg 8 Sep 1853. 'n Memorandum van Kommandant HJ Potgieter aan Commandant General PJ Potgieter, wat verslag gee oor die verslegtende situasie aangaande wapen smokelary en versoek toestemming om teen die smokkelaars op te tree.

M Kind 6: **Andries Hendrik POTGIETER**
Gebore: 5 Mei 1825 [2]
Gedoop: 26 Des 1825 in Cradock [2]
Sterf: jonk
Verw. nr.: b6c8d7e2f7 [4]

V Kind 7: **Clara Isabella POTGIETER**
Gebore: 29 Jul 1826 in Cradock [13,10]
Sterf: 20 Jul 1884 in Wonderboom [13,10]
Begrawe: in Lavenderstraat begrafplaas, Pretoria [13]
Verw. nr.: b6c8d7e2f6 [4]
Gade: Lourens Abraham ERASMUS g. 14 Jun 1826 s. 4 Jun 1860
Gade: Erasmus Daniel Jacobus PRINSLOO
MHG O/2630. 57j 11m 20d

M Kind 8: **Andries Hendrik POTGIETER**
Gebore: 29 Nov 1828 [2]
Gedoop: 6 Apr 1829 in Cradock [2]
Sterf: jonk
Verw. nr.: b6c8d7e2f8 [4]

M Kind 9: **Andries Hendrik POTGIETER**
Gebore: 1 Mei 1831 in Kommandodrif, Cradock [2]
Gedoop: 4 Jul 1831 in Cradock [2]
Verw. nr.: b6c8d7e2f9 [4]
Gade: Neeltjie Elisabeth Philippina BOTHA g. cir 1834 s. 28 Jun 1901
Trou: 1852 [14]
Sien ook Voortrekkermense III: (Herrineringe van AH). Hy gee sy geboortedatum aan as 15 Okt 1830 Veldkornet Groot Spelonken. Hy neem deel in vele veldslage, o.a. Sekoekoeni, Mapela, Makapaan, 1st vryheidsoorlog. Na die 1ste vryheidsoorlog word hy lid van die Volksraad. Hy trek later na Hekpoort. Hy besit ook die plaas Wakkerstroom. In die Anglo-Boereoorlog word hy as krygsgevangene na Bermuda weggevoer. Inwoner van Schoemansdal (1852).

V Kind 10: **Anna Catherina POTGIETER**
Gebore: 10 Nov 1832 [2]
Gedoop: 25 Des 1832 in Cradock [2]
Verw. nr.: b6c8d7e2f10 [4]

M Kind 11: **Willem Jan Hendrik POTGIETER**
Gebore: 30 Aug 1835 in Kommandodrif, Cradock [2]
Gedoop: 22 Nov 1835 in Cradock [2]
Sterf: 19 Jun 1921 in Zyfergat, Pietersburg [10]
Verw. nr.: b6c8d7e2f11 [4]
Gade: Johanna Wilhelmina LE GRANGE g. cir 1840 s. 16 Jan 1893
Gade: Catharina Elizabeth NEL g. 18 Sep 1875 s. 21 Aug 1968
Trou: 12 Mrt 1894 in Pietersburg NG Kerk [15]
MHG 47220, 86j 7m, boer op Rietvlei, Pietersburg. Sy geboortedatum word in Voortrekkermense as 15 Nov 1834 aangedui. Inwoner van Schoemansdal (1852).

M Kind 12: **Nicolaas POTGIETER**
Gebore: cir 1836 [16]
Sterf: cir 1852
Verw. nr.: b6c8d7e2f12 [4]
OP 12 jarige ouderdom oorlede (Voortrekkermense III).

V Kind 13: **Dorothea Frederika POTGIETER**
Gebore: 7 Mei 1841 in Potchefstroom [2]
Gedoop: 27 Mrt 1842 in Potchefstroom [2]
Sterf: 1924 [4]
Verw. nr.: b6c8d7e2f13 [4]
Gade: Nicolaas Johannes Hendrik Frederik VAN HEERDEN g. 1838 s. 1912
Trou: in Schoemansdal, Soutpansberg [4]
Haar moeder sterf met die geboorte van Dorothea. (Tant Dorie of Kromkloof)

Vrou: **nn BRONKHORST**
Trou: 1841 in Potchefstroom [4]

Sterf: 7 Mei 1841 in Potchefstroom [17]
Vader:
Moeder:
Wed van der Merwe. Sterf saam met die kind met kindergeboorte (Voortrekkermense III). De Villiers & Pama toon haar as 'n wedeuwee van der Merwe gebore Bronkhorst maar in Van Tarka na die Transgariep word sy as weduwee Bronkhorst, gebore van der Merwe aangedui. Niks is verder van haar bekend.

V Kind 1: **Dogter POTGIETER**
Gebore: 7 Mei 1841 [17]
Sterf: 7 Mei 1841 [17]
Verw. nr.: b6c8d7e2f14
Died at birth (with mother)

Vrou: **Catharina Elisabeth ERASMUS**
Trou: 1843 in Potchefstroom [14]

Gebore: 8 Jul 1808 [16]
Sterf: 25 Mei 1852 in Potchefstroom [14]
Vader: Lourens Rasmus ERASMUS
Moeder: Anna Catharina BEKKER
Wed Hendrik Gerhardus Jacobs. Sterf met kindergeboorte MHG 0/20582

M Kind 1: **Daniel Elardus POTGIETER**
Gebore: 5 Jan 1844 in Soutpansberg [9]
Gedoop: 21 Des 1848 in Potchefstroom Ned Herv Kerk [9]
Sterf: 16 Mei 1870 in Klipplaats drift, Pienaarsrivier [10]
Verw. nr.: b6c8d7e2f15
Gade: Jacomina Petronella Aletta C OOSTHUIZEN
Trou: 11 Apr 1863 in Pretoria NGK [18]
MHG 0/19864, age 26y 6m 23d, landbouer

V Kind 2: **Johanna Catharina POTGIETER**
Gebore: 6 Mei 1849 [9]
Gedoop: 20 Apr 1852 in Rustenburg Ned Herv Kerk [9]
Sterf: 1852 [1]
Verw. nr.: b6c8d7e2f16

V Kind 3: **Martha Helena (Petronella) POTGIETER**
Gebore: 25 Mei 1851 in Schoemansdal, Soutpansberg [4]
Sterf: 1 Aug 1888 in Bokkoppies, Pretoria [10]
Verw. nr.: b6c8d7e2f17
Gade: Johannes Nicolaas BRITS
MHG O/4107 36j.

Vrou: **Susanna Maria LA GRANGE**
Trou: 5 Jul 1852 in Schoemansdal, Soutpansberg [1]

Gedoop: 7 Apr 1805 [6]
Sterf: 1852 [1]
Verw. nr.: b1c1d4e5 [6]
Vader: Pieter LE GRANGE
Moeder: Susanna FOURIE
Wed Van Emmenis.

[1] GDJ Duvenhage, *Van Tarka na die Transgariep*.
[2] Lukas Potgieter / Eric Swardt, *Doop en huwelik registers soos afgeskryf deur Lukas Potgieter*.
[3] Eeufees-gedenkboek 1848-1948 Soutpansberg (Rau library), *Artikel deur Dr Gustav S Preller, Vaderland 13 Des 1940*, (GS Preller, Voortrekkermense III).
[4] De Villiers, CC / Pama C, *Geslagsregisters van die Ou Kaapse families*, (1981).
[5] NG Kerk, Graaff-Reinett, *Huweliks registers van die NG Kerk, Graaff-Reinett 1806-1839*, (1806-1839), FK2226.
[6] RGN/GISA, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters*.
[7] *Doopregisters van die NG Kerk, Graaff-Reinett 1811-1814*, FK2217.
[8] J200: Doopregisters van George NG Kerk.
[9] Lukas Potgieter, *Doop en huwelik registers van die Ned Herv Kerk van Transvaal*.
[10] Sterf kennis.
[11] Patrick van Griethuysen, *Versameling van familiegeskiedenisse en rekords*, (Boek 1).
[12] Die herinneringe van Senator Munik (SA Boekwinkel 1920).
[13] GSSA Begrafplaas data skyf.
[14] G Preller, *Voortrekkermense III*.
[15] Sterf kennis (man).
[16] Patrick & Loes <l+p@camerama.demon.nl>.
[17] Janet Melville <csajam@upe.ac.za>.
[18] Lukas Potgieter / Eric Swardt, *Doop en huwelik registers soos afgeskryf deur Lukas Potgieter*.